17. VLU KOMPETISIES

Koördineerder/*Coordin*ator: Hannatjie Labuschagne 082 958 5020 | Mientjie Els 082 899 5969

SLUITINGSDATUM vir inskrywings: Woensdag 20 Maart 2019.
***CLOSING DATE for entries: Wednesday 20 March 2019*.**

**Vertoonstukke sal tussen 08:00 en 08:30 op Saterdag 6 April 2019 in die Kreatiewe Handwerk Saal ontvang word. / *Local exhibits will be received at the Creative Crafts Hall on Saturday 6 April 2019 between 08:00 and 08:30*.

- **Verwydering van artikels, Dinsdag 8 Mei 2018 vanaf 16:00 tot 18:00.**
  Removal of articles, Tuesday 8 May 2018 from16:00 to 18:00.

Inskrywingsfooi/*Entry Fee*: R12 per inskrywing/*entry* (1-10)
daarna/*thereafter* R10 per inskrywing/*entry*

Pryse/*Prizes*: R25.00 en/*and* R20.00
Kontant Pryse/*Cash Prizes*
Trofees/*Trophies*



• ALGEMENE INLIGTING / *GENERAL INFORMATION* •

- Alleenlik VLU-takke mag deelneem aan die kompetisies.
- Die naam van die tak, sowel as die name van die vertoners moet in al die kompetisies verstrek word om die toekenning van pryse aan individuele lede te vergemaklik.
- Die ledetal van elke tak moet duidelik op inskrywingsvorms aangetoon word vir Spesiale Pryse B1 en B2.
- Slegs een inskrywing per tak per klas.
- Artikels wat alreeds op die skou vertoon is, mag nie weer gebruik word nie.
- Elke artikel word individueel beoordeel.
- Elke tak is verantwoordelik vir die uitstal van hulle eie uitstalling na beoordeling van artikels.
- Geen kinders word in die saal toegelaat terwyl artikels uitgepak, beoordeel of uitgestal word nie.
- Blommerangskikkings in houers, ook bessies, vrugte en droë materiaal mag nie deel vorm van die uitstalling nie - kunsblomme word wel toegelaat.
- Ten minste 4 lede moet deelneem voordat 'n tak in aanmerking kom vir die spesiale pryse.
- 'n Beperkte hoeveelheid ornamente mag gebruik word om die uitstalling te verfraai, maar dit mag nie artikels oorheers nie.

* Needle Woman Wisseltrofee aan tak met die meeste punte.
* CTM Wilcocks Trofee aan die tak wat tweede meeste punte behaal.
* Wisseltrofee geskenk deur VLU Hospitaalpark aan die tak wat derde meeste punte behaal.
* Bloemskou Wisseltrofee aan die lid wat die meeste punte behaal.
* Bloemskou R100.00 Spesiale Prys aan VLU-tak, meer as 25 lede, vir die meeste punte behaal deur lede in al die VLU-afdelings.
* Bloemskou R50.00 Spesiale Prys aan VLU-tak met 25 en minder lede vir die meeste punte behaal in al die VLU-afdelings.

SKOU TEMA: SUPERHELDE

1100 Borduurwerk - Klein artikel in swartwerk, nie groter as 20cm x 20cm.

1101 Hekelwerk - Strooikussing met filetwerk inlegsel in middel met voering agter die hekelwerk. Kussing grootte: Maksimum 60 x 60cm.

1102 Breiwerk - Kant kamisool vir dogter 5 - 8 jaar. Aanbevole katoendraad Nr5.

1103 Handvlyt - Halsnoer met n variasie van verskillende groottes en kleure krale. Geen vasmaker.

1104 Preservering - Uie marmelade, eie resep aangeheg. Vertoon 500ml fles.

1105 Gebak - Heuning Hopies resep aangeheg.

HEUNING HOPIES

100ml margarien
100ml strooisuiker
1 eier
200ml heuning
450ml Koekmeel
5 ml koeksoda
2,5 ml sout
2,5 ml vanilla geursel

Room margarien en suiker, voeg eier, heuning en geursel by. Sif droë bestandele saam en voeg by eiermengsel. Meng goed deur. Vorm in balletjies en rol in gekleurde strooisel. Bak 10-12 minute by 180°c tot ligbruin.